
# RPO Markverslag
## Week 38 van 2025





| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | **R37.08** | 0.4% | -3.9% | 18.3% |
| A2 (R/kg) | **R70.08** | -1.0% | -3.1% | 35.3% |
| B2 (R/kg) | **R61.02** | 1.0% | 3.2% | 39.2% |
| C2 (R/kg) | **R59.88** | 0.4% | 4.0% | 43.2% |

## Speenkalwers

Die prys het in Week 38 sywaarts verhandel, maar is steeds 18.3% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die effense styging in die prys kan toegeskryf word aan die laer aanbod op speenkalwers. Die prys is tans laer as die voorspelde prys, met die verwagting wat bly dat die prys ‘n opwaartse neiging in Oktober kan toon. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Oktober rondom R39/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R34/kg en nie hoër as R44/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 38 met 1% gedaal teenoor die vorige week en is tans 35.3% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue hoër aanbod op karkasse. Die verwagting is dat die prys ‘n stygende tendens kan toon in Oktober en November. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Oktober rondom 72/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R65/kg en nie hoër as R80/kg behoort te wees nie.

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*


***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

# RPO Markverslag

## Week 38 van 2025




| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R50.25 | 0.1% | -1.0% | 26.9% |
| A2 (R/kg) | R109.90 | 0.0% | 0.8% | 20.0% |
| B2 (R/kg) | R85.67 | 4.4% | -2.2% | 35.3% |
| C2 (R/kg) | R82.46 | 1.2% | -0.5% | 30.9% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 38 redelik onveranderd gebly teenoor die vorige week en is ongeveer 26.9% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die verwagting is dat die prys vanaf Oktober tot Desember kan daal soos die aanbod op lammers vermeerder. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Oktober rondom R50/kg te wees en nie laer as R45/kg en nie hoër as R54/kg nie.

## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 38 onveranderd gebly teenoor die vorige week en is ongeveer 20% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die sywaartse tendens kan toegeskryf word aan ‘n hoër aanbod op lamkarkasse tans in die mark. Die verwagting is dat die prys tot in Oktober kan daal en dan stelselmatig begin styg tot in Desember. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Oktober ongeveer R106/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R95/kg en nie hoër as R118/kg behoort te wees nie.




RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO